# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKKANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

**Vol. XV** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, JUNE 2022 **No. 12**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Spreuke 22:1-10

1. n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud.
2. Voor die Here is ryk en arm gelyk; Hy het hulle almal gemaak.
3. 'n Verstandige mens sien onheil kom en vermy dit; onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor.
4. Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe.
5. Daar is dorings en strikke op die pad van oneerlikheid; wie sy lewe wil behou, bly daar weg.
6. Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.
7. Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.
8. 'n Koning wat onreg saai, sal teenspoed oes; daar sal 'n end kom aan sy hardvogtige heerskappy.
9. Wie mededeelsaam is, word geseën, want hy gee van sy kos vir arm mense.
10. As jy 'n ligsinnige mens wegjaag, hou die rusies op en kom die getwis en beledigings tot 'n end.



# LEEF ONS IN DIE LAASTE DAE?
# ARE WE LIVE IN THE LAST DAYS?

*Br. Manuel. M. Paulraj*

Die wêreld word tans verskeur deur die oorlog tussen Rusland en sy buurland, die Oekraïne. Die oorlog het op 24 Februarie 2022 begin en is nog steeds aan die gang met slegs 'n onderbreking van 7 ure op die 5de Maart 2022 toe studente uit ander lande die kans gegee is om te ontruim. Rusland het opdie eerste dag maklik die Oekraïne binnegeval, maar het sterk teenstand van die Oekraïne ondervind. Nou het dit op 21 Maart 2022 alreeds die 26ste dag bereik. Hoewel die Oekraïne stewige weerstand bied te danke aan die koms van wapens vanuit bevriende lande, kan dit tog nie opweeg teen Rusland nie. Rusland se motivering was dat die Oekraïne beplan om aan te sluit by die Europese Unie en NAVO en dat dit hulle (Rusland se) grense kon ooplaat vir direkte toegang tot NAVO-magte! Baie Europese lande is nou naby Rusland geleë. Dus is Rusland se vrese ongegrond. Aangesien hulle 'n soewereine land is, het die Oekraïne alle reg om hulle eie voorkeure uit te oefen. Die oorlog kom suiwer voort uit Rusland se ego! Die lande van die wêreld veral die VSA en die Weste het die aggressie van Rusland veroordeel en 'n aantal sanksies daarteen verklaar. Sommige Europese lande soos Brittanje en Duitsland het wapens aan die Oekraïne verskaf. President Joe Biden hou vol dat die NAVO-lande hulle moet weerhou van direkte aksie aangesien dit mag lei tot 'n derde Wêreldoorlog. Dit mag nou so wees, maar persepsies en besluite mag verander volgens dringende behoeftes. Binne enkele dae ontmoet die staatshoofde van die VSA en sommige EU-lande in Brussel om 'n opname van die situasie te maak.Die Russe val die stede van Oekraïne genadeloos aan! Hulle gebruik supersoniese vegvliegtuie en beskiet Oekraïne met die nuutste bomme. Dit blyk nou dat Rusland nie geneë is om te luister na die stem van die wêreld of die Internasionale Hof om die oorlog onmiddellik te staak nie.

Die Oekraïniese President, Volodymyr Zelenskyy, 'n komediant wat 'n politikus geword het, tree op soos 'n oorlogsheld en al die mense van Oekraïne staan agter hom. In sy onlangse virtuele toespraak aan die Israelse Parlement het hy aanspraak daarop

*... verv. op bls. 3*

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

(ECHO GROUP)

# van julle geliefde broer...





**"die Here triomfeer, die Here doen kragtige dade!" - (Psalm 118:16)**

## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call

Geliefdes in die Here,

Groete vir julle in die onvergelyklike Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Julle gebede en ondersteuning neem ons dag vir dag na 'n hoër vlak. Ons is dus gebonde om vir julle te bid. Ons is ook bevoorreg om te sê, "Dankie".

In die maand Mei, kan kinders en jongmense in Indië die vakansie geniet wat deur die skole en kolleges gegee word. Moenie tyd mors op wêreldse dinge gedurende hierdie vakansie nie, maar ons moedig jou en jou kinders aan om na vore te kom en iets te doen wat nuttig is vir die Here. Jy kan deel neem aan jou kerk se spesiale dienste en help met die onderhoudswerk in jou kerk, en so God plesier. As julle sulke werk doen, sal God julle gesinne seën. Die Here het verskeie goeie dinge aan julle en julle families gedoen. Moenie daarvan vergeet nie.

Ons, julle dienaars van God, is ook met blymoedigheid en met groot inspirasie betrokke in aktiwiteite. Ons Engelse Hoërskool, Tamil Aand Bybelkollege, Hindi aanlyn Bybelklasse, sowel as afstandonderrigkursusse in Engels en Tamil funksioneer baie effektief en suksesvol saam met die Echo of His Call koerant in 16 tale. Ons meerdere kerkdienste en Hindi Residensiële Bybelkollege sal vanaf volgende maand begin funksioneer. Ons het jule gebede nodig vir die behoorlike funksionering van al hierdie aktiwiteite.

Baie van julle besef ons behoeftes en stuur offergawes voordat ons julle vra, deur bankoorplasings. Ons word bemoedig en ons seën julle in die naam van Jesus Christus ons Almagtige God. Mag goedheid en guns julle volg!

Sommige van ons en ons gesinslede voel liggaamlik swak. Bid veral vuriglik vir Br. Paulraj en Pastoor Muthu om te herstel van hulle siektes.

Ons is lief vir julle en bid vuriglik vir julle. Ons bedank julle vir julle briewe, e-posse, foonoproepe en alle ander hulp en ondersteuning. Ons maak aan God al julle versoeke en smekinge bekend.

Mag doe genade van God met julle wees! Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PASTORE S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) · BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) · Online Courses · Theological Correspondence Courses (2 languages) · Church Planting · Nehemiah Bible Colleges · Gospel Printing Press · Great Commission Partners · St. Paul's Matriculation School · Crusades · Community Development

verv. v. bls.1

gemaak dat hy 'n Joodse afstammeling is en gevra vir hulle ondersteuning.

Die Israelse Eerste Minister Naftali Bennett is nou geskeduleer om Indië te besoek op 2 April 2022 op uitnodiging van Eerste Minister Narendra Modi. Israel is dus nie druk besig met oorlogsvoorbereidings nie. Indië het 'n neutrale posisie ingeneem in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne. Nogtans verskaf Indië humanitêre ondersteuning aan Oekraïne.

Noudat die oorlog reeds die 26ste dag binnegegaan het, het dit die potensiaal om in 'n globale oorlog te ontaard. In daardie geval behoort Rusland vir Israel by te kom wat hulle voorste vyand is! As dit gebeur, kan dit Wêreldoorlog III beteken. Volgens Zelenskyy het Israel die militêre mag om enige land of lande aan te val. As Israel aangeval word, weet niemand watter wending dinge kan neem in die komende dae nie.

Volgens die Bybel sal Rusland teen Israel te staan kom voor die oorlog van Armageddon. Israel sal die oorlog wen en die mense van Israel sal die oorblyfsels van oorlogsmasjiene vir vuurmaakhout gebruik vir 7 jaar lank! Deesdae gebruik Rusland 'n spesiale soort hout uit Noorweë om vegvliegtuie te bou wat 7 maal sterker is, maar ligter in gewig. (Esegiël Hoofstukke 38 en 39). Maar ons weet wel dat alles volgens die wil van God sal gebeur!Laat ons bid vir die veiligheid van die mense van die wêreld!

Selfs as die huidige oorlog tot sy logiese einde kom, is God se plan alreeds vasgelê in die boek Openbaring waar die oopomaak van die sewe seëls, die geluid van die sewe basuine en die uitstort van die sewe skale sal plaasvind volgens die beplanning van die Here. Ons het alreeds die gevolge ondervind van die oopmaak van die eerste vier seëls. Die oopmaak van die vyfde seël sal plaasvind gedurende die eerste helfte van die sewe jare van verdrukking wanneer hulle as martelare sal sterf gedurende daardie tyd. Ek voel sterk dat ons tans leef in die dae van die oopmaak van die eerste vier seëls waardeur ons tekens en wonders sien plaasvind in die wêreld en in die natuur. Die huidige oorlog tussen Rusland en Oekraïne is volgens die oopmaak van die seëls. Jesus Christus het ook hierdie dinge gesê in die Bybel, Hoofstuk 24 van die evangelie van Matteus.

Met betrekking tot die einde van die wêreld en sy koms het Jesus 'n parallel getrek tussen die vernietiging van die wêreld in die dae van Noag en die Here se tweede koms. God het Noag beveel om 'n ark te bou om net hom en sy gesin te akkommodeer aangesien die Here van plan was om die wêreld te vernietig deur 'n vloed. Noag het God gehoorsaam en hy en sy gesin het begin bou aan die ark soos God beveel het. Outoriteite op die Bybel sê dit het byna 100 jaar vir Noag geneem om die werk te voltooi. Die mense van daardie tyd het vir Noag gelag en hom gespot. Nogtans het Noag vir hulle gepreek om hulle te bekeer en in die ark in te gaan (2 Petrus 2:5). Maar niemand het hulle aan sy pleidooie gesteur nie. Die ark is voltooi soos beplan deur die Here.

Jesus het gesê tot die dag van die vloed het die mense geëet en gedrink, getrou en in die huwelik uitgegee, tot die dag toe Noag en sy gesin van ag in die ark ingegaan het en die Here die deur toegemaak het. Die vloed het gekom en al die mense buite die ark onverhoeds gevang! Almal het vergaan behalwe Noag en sy gesin
(Matteus 24:37-39).

Die huidige tyd in die wêreld is niks beter as die dae van Noag nie. Die wêreld is vol euwels en bly korrup, wat die Here uitnooi om in te tree. Ons leef feitlik in die laaste dae!

Nou is die miljoendollar-vraag: wanneer sal Jesus kom? Baie mense reken Jesus sal kom voor die begin van die periode van sewe jare van verdruking en die verskyning van die Antichris. Sommige mensse haal 2 Tessalonisense 2:1-3 aan en sê dit Antichris sal verskyn gedurende die periode van verdrukking. Dit is nie 'n strydpunt wanneer die Antichris sal verskyn nie. Jesus sal neerdaal op die Olyfberg aan die einde van die verdrukking en die Antichris die stryd aansê by Armageddon.

Wanneer sal die oopmaak van die seëls plaasvind? Jesus self het gesê baie sal kom in sy Naam en sê **"...'Ek is die Christus' en sal baie mense mislei"** (Matteus 24:5). Dit is die optrede van die gees van die Antichris. Die gees van die Antichris is alreeds in die wêreld en is nou aan die werk. wanneer die eerste seël oopgemaak word.

## DIE EERSTE SEËL!

Toe die Lam een van die seëls oopgemaak het, het Johannes 'n wit perd gesien. Die man wat op die wit perd gesit het, is nie die Antichris nie aangesien hy uit baie nasies sou kom. Hy sal nie 'n gees wees nie, maar beslis een van die Konings of Presidente of Eerste Ministers van nasies. Hier is die man wat verskyn het op die wit perd die gees van die Antichris wat alreeds vanaf die eerste eeu af op 'n rooftog is. Die apostel Johannes wat in die eerste eeu geleef het, het die teenwoordigheid van die gees van die Antichris waargeneem en het in sy eerste brief gewaarsku toe hy gesê het, **"Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is"** (1 Johannes 2:18). Die mens wat die Vader en die Seun verloën, is die Antichris (1 Johannes 2:22). Soos ons reeds gesê het, die Antichris, die persoon wat uit die nasies sal verskyn, moet nog kom en die persoon wat Johannes waargeneem het, is die gees van die Antichris. Ons kon ook in hierdie dae sulke mense gesien het. Die man op die wit perd moet nie verwar word met die Seun van die Mens op die wit perd in Openbaring 19:11 nie.

## DIE TWEEDE SEËL!

'n Vuurrooi perd het uitgegaan. Aan die een wat daarop

gesit het, is dit gegee om vrede van die aarde weg te neem sodat mense mekaar sou doodmaak en aan hom is 'n groot swaard gegee (Openbaring 6:3,4). Aan hierdie man is die gesag gegee om vrede weg te neem van die aarde af dat mense mekaar sou doodmaak, dit wil sê, oorloë en terroristebedrywighede. Hierdie toestand heers al in hierdie wêreld vir duisende jare. Hy is baie besig.

## DIE DERDE SEËL!

Toe die derde seël oopgemaak is, het 'n swart perd te voorskyn gekom en aan die man wat daarop gesit het, is 'n weegskaal in sy hand gegee. Aan hom is gesag gegee om hongersnood op die wêreld te bring. Dit kon in baie dele van die wêreld gesien word. Sommige van die nasies van Afrika moet hongersnood baie dikwels die hoof bied. Lande soos Ethiopië, Soedan, Somalië, ens. word baie dikwels met hierdie bedreiging gekonfronteer. Baie onlangs het 'n groot vulkaniese uitbarsting die eilandnasie Haiti getref. Dit het 'n groot tsoenami tot gevolg gehad wat die eiland onherkenbaar verwoes het. Daar eet die mense nou modder wat in die son gebek is as brood! Sri Lanka staar 'n groot finansiële krisis in die gesig wat ongekende hongersnood veroorsaak. Afghanistan is op die randjie van hongersnood. Daar word voorspel dat die wêreld 'n ernstige voedseltekort sal beleef na die huidige Covid-19 pandemie.

Bill Gates en ander miljardêrs het derduisende akkers landbougrond gekoop in die VSA en van ander volke en begin boer! Hulle het alreeds die graanmark betree en verkoop hulle produkte! Die drie boerderywette wat onlangs in Indië gepasseer is en toe herroep is, is 'n voorloper om ons miljardêrs in staat te stel om die landbou op groot skaal te betree en besigheid te doen! Hoewel die wette teruggetrek is, sal hulle nie rus nie. Hulle sal groot stukke landbougrond aankoop deur gebruik te maak van die skuiwergate in bestaande wette en sal die landboubesigheid betree. Daar word gesê dat die Birlas reeds groot store gebou het regoor die land. Wat gaan gebeur? Hulle gaan beslag lê op groothandel graanmarkte en 'n kunsmatige skaarsste veroorsaak. Rys wat nou verkoop word vir 50 roepee per kilo mag dan 500 kos. So die man met die seëls is baie hard aan die werk!

## DIE VIERDE SEËL!

Daar het 'n vosperd verskyn en die man wat daarop gesit het, is genoem die Dood en Hades het hom gevolg. Aan hom is mag gegee oor 'n kwart van die aarde om dood te maak met die swaard, met honger, met dood en deur die diere van die aarde (die verspreiding van pandemies deur diere). Nasies neem wapens op teen wapens en die wêreld het reeds twee groot oorloë gesien in 1918 en 1945 wat die dood van miljoene tot gevolg gehad het. Oorloë kom in baie dele van die wêreld voor en veroorsaak grootskaalse ongevalle. Lande soos Rusland en Oekraïne verkeer in 'n oorlog! Virusse soos HIV, HIV1, Griep (1918, H2N2 (1957), Zika (2018), die Griep van 1968 (2020) en NIPHA (2021) en die huidige Covid-19 eis miljoene lewens. Diere is die draers van sulke virusse. Hulle rig ontsaglike skade aan aan menselewens. As 'n virus eenmaal toeslaan, gaan dit nie weer weg nie! Hulle is selfs vandag op die roof uit.

## DIE VYFDE SEËL!

Hulle sal gedood word vir die Woord van God en vir die getuienis wat hulle het. Johannes het hulle onder die altaar gesien. Die martelare onder die altaar is diegene wat gesterf het in die eerste 3½ jaar vam verdrukking wat gestaam het vir die Woord van God en sy getuienis na die wegraping. Hierdie seël kan dus oopgemaak word na die wegraping.

## DIE SESDE SEËL!

Van al die seëls wat sover gebreek is, is die gevolge van die sesde seël baie erg en verwoestend. Dis die gevolge wat gaan gebeur soos opgenoem in Matteus 24 en gegee in Openbaring 6:12-17. Dit is soos volg:

....verv. op.bls. 6

NEHEMIA RESIDENSIëLE
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI
Bid asb. vir
Medium : Hindi/Tamil
Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar
Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Haas jou vir toelating!
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2022 Junie 19 Tot 2022 Julie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**Junie 19** ➲ Loof die Here dat die Covid-19-gevalle minder geword het in Indië.

**Junie 20** ➲ Maart 28: Prys God vir sy seën op die Evangeliese literatuur in 17 tale wat ons op ons Drukpers druk en na die sendingvelde stuur.

**Junie 21** ➲ God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge gedurende die tyd van COVID-19 geseën.

**Junie 22** ➲ Laat ons God prys vir al die mederedakteurs en hulle gesinne.

**Junie 23** ➲ Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

**Junie 24** ➲ Laat ons God prys dat Hy ons nuwe gelowiges geseën en gesalf het om deel te word van ons kerk.

**Junie25** ➲ God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge in die laaste maand geseën.

**Junie 26** ➲ Ons loof in dankbaarheid God dat Hy ons geseën het in ons reise vir die bediening.

**Junie 27** ➲ God het ons aanlyn klasse vir die **Hindi Teologiese Kursus** geseën.

**Junie 28** ➲ Loof God vir die beskerming van ons volk.

**Junie 29** ➲ Laat die Here geprys word dat hy ons in staat gestel het om gereelde Teologiese Seminare te hou.

**Junie 30** ➲ Loof God omdat Hy in ons behoeftes voorsien het in die afgelope maand.

**Julie 01** ➲ Laat ons bid vir ons Bybel korrespondensiekursusse en Teologiese Korrespondensiekursusse.

**Julie 02** ➲ Loof die Here vir sy oorvloedige seëninge wat Hy uitstort op die gesinne van ons werkers.

**Julie 03** ➲ Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

## SAKE VIR GEBED

**Julie 04** ➲ Laat ons die Here bid om die Evangeliese Drukpers te seën.

**Julie 05** ➲ Bid tot ons Here vir die verkryging van studente vir ons **Residiënsele Nehemia Bybelkollege.**

**Julie 06** ➲ om ernstig te bid vir integriteit jeens God onder al die nasies.

**Julie 07** ➲ Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing. en 'n rustige lewe.

**Julie 08** ➲ Om ons te wy aan gebede vir 'n spoediger vernietiging van die Corona virus in die Wêreld.

**Julie 09** ➲ Laat ons bid vir die uitbreiding van ons Bedienings op elke moontlike manier.

**Julie 10** ➲ Vir ons land se eenheid en vooruitgang in alle aspekte en beplanning.

**Julie 11** ➲ Laat ons bid tot God vir die voorspoed van ons Organisasie, al die personeel en hulle gesinne.

**Julie 12** ➲ Laat ons ons daarop toelê om te bid vir eenheid tussen gelowe.

**Julie 13** ➲ Bid vir seën en beskerming op alle Christelike organisasies.

**Julie 14** ➲ Bid dat God ons in staat stel om die Woord van God te versprei na onbereikte plekke.

**Julie 15** ➲ Bid vir die veiligheid van alle mense in die wêreld.

**Julie 16** ➲ Bid vir ons Vennote en Staatkoördineerders en hullle gesinne.

**Julie 17** ➲ Bid tot God om ons meer visie te gee vir die bou van sy Koninkryk op aarde.

**Julie 18** ➲ Dra in gebed ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin op vir bewaring teen alle bose magte.

*verv. v. bls.4*

1. Daar was 'n groot aardbewing en die son het swart geword soos 'n harige sak en die maan het soos bloed gelyk.
2. Die sterre van die hemel het op die aarde geval soos 'n vyeoom wat sy laat vye laat val wanneer dit deur 'n sterk wind geskud word.
3. Die uitspansel het teruggerol soos 'n boekrol wat opgerol word, en elke berg en eiland is uit sy plek geskuif.
4. En die konings van die aarde, die groot manne, die ryk manne, die bevelvoerders, die magtige manne, elke slaaf en elke vry mens het weggekruip in die grotte en in die rotse van die berge.
5. Hulle sal vir die berge en rotse sê, "Val op ons en verberg ons vir die gesig van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam!"
6. "Want die groot dag van sy toorn het gekom en wie kan bly staan?"

Liewe vriende, die verwoestings wat gaan gebeur of wat nou gebeur of wat gebeur het, kon 50 jaar gelede nie gesien word nie en al hierdie verwikkelings vind daarna plaas. Die verwoestings wat opgenoem is, het reeds begin gebeur en dit sal 'n crescendo bereik in die dae wat kom. Natuurlik mag dit baie gou gebeur of oor 'n tyd van 50 of 100 jaar. Vir die Here is een dag soos 1000 jaar en 1000 jaar soos een dag, want Hy is van die ewigheid, dit beteken voor en na die skepping.

## DIE SEWENDE SEËL!

En toe die sewende seël oopgemaak is, was daar stilte in die hemel vir omtrent 'n halfuur (Openbaring 8:1). Let op dat toe die hele wêreld in chaos en wanorde was, beteken 'n halfuur stilte daar ontvou die gebeure van groter verwoesting wat die wêreld moet sien. Die opening van die sewende seël het nie self enige ramp gebring nie, maaar ontvou die groter vernietiging wat sal gebeur wanneer die geklank van die sewe basuine gevolg word deur die uitstorting van die sewe skale op die aarde. Bybeldeskundiges glo dat die geluid van trompette sal plaasvind gedurende die eerste 3½ jaar (1240 dae) van verdrukking en die uitstorting van die bakke gedurende die tweede helfte van die sewe jaar van verdrukking. En die heiliges sal opgeneem word voor die begin van die sewe jaar van verdrukking. Ons het alreeds gesien dat die Kerk opgeneem is voor die begin van die verdrukking.

Nou moet ons die gebeure voorstel wat nou onder ons neuse plaasvind en wat nie in sig was tot 50 jaar gelede of so nie. En ons moet verstaan dat die gevolge van die oopmaak van die eerste vier seëls nie tot stilstand gekom het nie maar dat dit ook aan die gebeur is in die wêreld.

## AARDBEWING, SON WORD SWART EN MAAN ROOI!

Aardbewings gebeur al vanaf die eerste eeu of selfs voor dit. Maar hulle intensiteit en frekwensie was onbeduidend vergeleke by die huidige tyd. Byna tien jaar geleke het die staat Gujarat van Indië 'n ernstige aardbewing beleef wat honderde dood gelaat het terwyl honderde huise ingeval of gesink het. En onlangs het Fukushima in Japan 'n geweldige aardbewing beleef toe die kernkragsentrale heeltem1 beskadig is. In 2004 het 'n aardbewing wat Indonesië getref het, erge skade aan lewens en eiendom aangerig en die daaropvolgende tsoenami het deur die kusgebiede van lande soos Indië, Sri Lanka, Thailand en 'n hele aantal ander lande geskeur en honderde duisende mense dood gelaat. Indië het die ergste slag in die ooskus ondervind waar meer as 150 000 dood is!

Aardbewings van verskeie afmetings gebeur in baie dele van die wêreld en die frekwensie en intensiteit verskil van tyd tot tyd. Hierdie dinge voorspel die mens se weerloosheid teen aardbewings en tsoenami's.

Die son is ons grootste ster in die Melkweg. Vir die laaste 50 jaar of so het 'n groot wetenskaplike, Stephen Hawkins van Brittanje, gepraat oor die teenwoordigheid van swart kolle op die oppervlakte van die son. Hierdie stelling het meer en meer rugbaar geword en baie wetenskaplikes het dit begin ondersteun en so ook NASA. Die swart gate word gevorm vanweë die verbranding van waterstof vanaf die oppervlakte van die son wat groot gate tot groot valleie veroorsaak. Hierdie insidente verhoog die hitte van die son en veroorsaak uitstraling. 'n Verskynsel genoem Solêre Tsoenami sal voorkom en die uitstraling van hittegolwe wat uit die swart gate kom en van die son uitstraal, sal gebeur. Dit is deeltjies wat elektries gelaai is wat die meeste uitwerking het op die planete naaste aan die son. Ons Aarde is die derde planeet vanaf die son en ons is in die gevaarsone.

Onlangs het dit die wêreld getref op 29-01-2022 op die laaste en skade veroorsaak in die Antarktikastreek en die eiland Groenland. Normaalweg is die eiland altyd bedek met ys en daar is dan geen reën nie. Te wyte aan die solêre tsoenami en die verandering in temperatuur het die eiland groen geword en het daar grootskaalse smelting van ys in die streek plaasgevind wat die seevlak laat styg het wat laagliggende kuste van nabye lande oorstroom het. Kennis is gegee aan hierdie kusstreke om hulle bevolking te verskuif na veiliger plekke. Indonesië het alreeds begin om hulle hoofkwartier, Djakarta, na die binneland te skuif en byna 2 miljoen mense is in die proses van verskuiwing.

Tans beslaan swart gate byna 12% van die oppervlakte van die son en dit sal 100% bereik! Wanneer dit gebeur, sal vervul word wat in die Bybel staan.

Die wêreld is baie kwesbaar vir die aanval deur 'n solêre tsoenami. Toe die wêreld gevorm is, het God drie beskermende lae oor die aarde gevorm om dit te beskerm teen die aanslag van die son. Die eerste laag, 'n bedekking van water vo die aarde is gedreineer toe die wêreld vernietig is deur die

vloed in die dae van Noag. Die tweede beskermende laag, osoon, is ook volledig opgeëet deur die giftige uitlating van gasse soos, Koolstofdioksied, Stikstof-monoksied ens. wat uitgestraal is deur swaar industrialisasie, die ontploffing van motorvoertuie en ander. Die osoonlaag is tydens ons leeftyd vernietig! Nou is die derde beskermende laag, slegs die magnetiese veld, daar om ons te beskerm teen uitstraling. Dit ondervind ook 'n aanslag vanweë volgehoue uitstraling van giftige gasse.

Die VN het alreeds 'n beroep gedoen op die nasies van die wêreld om zero uitstraling te verseker, veral op die hoogs geïndustrialiseerde lande. Elke nasie het 'n spertyd gestel vir die bereiking van zero uitstraling en Indië het'n periode van 30 jaar gestel van nou af!

Te wyte aan die hitte op die son se oppervlakte, smelt die ys in die arktiese streek en ander areas vinniger en die seevlak verhoog. Dit veroorsaak verhoogde temperature in die atmosfeer en om dié rede het ongekende reëns onlangs chaos veroorsaak in die meeste Europese lande en China.

Aangesien die son waarskynlik in die komende dae meer swart gate sal ontwikkel en die moontlikheid van solêre tsoenami vergroot, is die lande van die wêreld in die greep van vrees en wanhoop. Hulle bedink verskillende maniere om hulle kosbaarste besittings te beskerm en ten minste 'n deel van die bevolking. Die VSA is op die voorpunt in die ontwikkeling van meer as 100 bunkers diep onder groot heuwels en berge. Elke bunker is op 'n diepte van 1400 tot 2000 voet gebou. Die groottes van die verskillende bunkers mag verskil. Maar elke bunker is die grootte van 'n minidorp met alle moontlike fasiliteite om in te woon! Elke bunker word gemaak om woonfasiliteite te voorsien vir 4 tot 6 maande en die koste/huur vir 'n individu is ongeveer 200 000 dollar! Private spelers is ook in die kompetisie.

En die meeste Europese lande het begin om bunkers te ontwikkel om hulp aan hulle mense te gee. Lande soos Noorweë, Switserland, Swede, ens. is op die voorpunt. Een miljoendollarvraag moet nog beantwoord word. Hoeveel beskerming kan die bunker bied wanneer groter aardbewings of vulkaniese uitbarstings plaasvind? As die wêreld onder 'n menseslagting verkeer, is dit genoeg beskerming vir 4 tot 6 maande? Die mens kan nie die planne van god fnuik nie!

Die Wêreldraad vir Klimaatsverandering het op 28 Februarie 'n rapport gepubliseer. Dit waarsku die volke van die wêreld dat temperature met 1.5% of selfs meer kan verhoog in die volgende twee dekades. Dit sal 'n nadelige impak hê op die natuur en op mense. Baie van die stede in Indië steek 35-36 C verby. Die wêreld gaan ongeskik word vir menslike bewoning!

Nog 'n groot gevaar wat die wêreld bedreig, is die teenwoordigheid van plofstowwe insluitende atoombomme wat diep in die aarde "weggegooi" is en wat meer as genoeg is om die aarde te vernietig! As 'n hewige aardbewing of vulkaan toeslaan, wat sal gebeur met die atoombomvoorrade en plofstowwe? As 'n ramp gebeur, wat gaan gebeur met die LPG en die opgaartenks daarvan? Die wêreld sit dus sonder twyfel op 'n vulkaan!

Die verskynsel van 'n rooi maan is al in baie dele van die wêreld gesien. In Indië het dit baie onlangs verskyn en mense kon dit met die blote oog waarneem. Die frekwensie van hierdie verskynsel het toegeneem in die laaste jare!

Dis 'n algemene gesig dat asteroïde en meteore van hemelliggame afval. Baie onlangs het 'n asteroïde van ses ton in die see geval. Die frekwensie van hierdie soort val verhoog en soos in die Bybel geskryf staan, sal die sterre ook begin val soos vye van 'n vyeboom in 'n sterk wind.

As gevolg van die hitte kan die uitspansel opgerol word soos 'n boekrol soos dit in die Bybel geskryf is. En berge en eilande sal geskuif word deur heftige aardbewings en as vulkane uitbars.

Ten tyde van die katastrofiese verwoesting sal

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## DIE HERE WAT VORM !

Dit is deur God se genade dat ek Graad 9, 10 en 11 gedoen het van 1962 tot 1965 aan die Eraniel Staatskool wat naby my tuisdorpie was. Daarna het ek my kursus ter voorbereiding van die universiteit gedoen aan die Lakshmipuram College of Arts and Science wat ook naby my tuisdorp was.



**Rev. Dr. A. Selvaraj**

Ds. Dr. A. Selvaraj wat nou die Here dien in Yercaud, het toe vir 'n lang tyd as sendeling gewerk onder die stamme in Jamuna Maruthur. Hy het saam met my in die hoërskool gestudeer. Hy was vir my 'n geestelike rolmodel.

Hy was nie net my vriend nie, hy het my ook aangemoedig in my bediening. Hy het my gemotiveer in my gebedslewe en gehelp om geestelik te groei. Die Here God het ons weggelei van die vyandige magte van die wêreld, die vlees en die duiwel. Die Here het ons gehelp om nie slawe te word van rolprente, wêreldse vermaak, slegte gewoontes en dwelms nie. Maar die Here God het ons gehelp om te groei in 'n heilige lewe.

In daardie tyd was my familie ekonomies swak daaraan toe. Dus het my tante mev. Roselet Devakadaksham my gehelp deur elke dag vir my middagete te voorsien toe ek in die Kollege was. Sy het in 'n plek gewoon met die naam Udayarvilai. Haar kinders, broer Prince, suster Jasmine Floral, broer Wise en my klein sussie Dautty het baie mooi na my gekyk asof hulle 'n klein Jesus versorg het. Die vrees van God was hulle lewenstyl en ek het dit van hulle geleer.

Gedurende hierdie tyd het ek bewus geword van 'n groot begeerte diep in my hart. Dit was my sterk begeerte om te ontwikkel tot 'n blaamlose persoon en 'n man van sterk karakter. Ek het altyd begeer om goeie werk te doen vir die Here God wat hierdie wêreld geskep het en alles daarvoor voorsien. Volgens die vers "want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer" (Fil.2:13) wou ek eerlik lewe en het die doelwit ontwikkel om iets groot vir die Here God te doen. Om hierdie doel te bereik, het ek myself daartoe verbind om my wêreldse vriende en familielede en selfs besittings te verloor. Ek het ook baie van hulle verloor.

Vanaf my jong dae was ek dus nie geïnteresseerd in enigiets anders as God en sy sake nie. Van baie dinge van die wêreld het ek ook nie kennis gedra nie. Party van my onderwysers het gedink ek was 'n dom student en het my dus so behandel. Maar, "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde" (1 Korintiërs 2:2). Die Here het my brein en hart so gemaak dat ek net aan Hom dink en daarvolgens lewe. Die Heilige Gees het my ook in staat gestel om my situasie as 'n voorreg te sien en nie as 'n swakheid nie.



*S. Sam Selva Raj*
*(Age : 18)*

By voorbeeld, as ek onverwags 'n rolprent in die skool gesien het of terwyl ek op reis was of as ek toevallig na een of ander wêreldse storie geluister het, kon my oë dit gesien eh my ore daarna geluister het. Maar niks sou my brein of my hart binnedring nie. Ek was bewus van 'n soort verwerping binne my teenoor sulke dinge van die wêreld. Wat ek ook al gesien of gehoor het, sou uitgevee word uit my hart. Ek kon nie onthou en herhaal wat ek gesien of gehoor het nie. "… Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak. (1 Korintiërs 1:19).

Die wêreldse mense het my beskou as 'n oningeligte persoon. Maar ek was nie daaroor bekommerd nie. My hart het baie goed geweet dat die Almagtige Here in my woon en dat Hy besig was om my te lei na 'n hoër vlak en 'n hoër plek. Die wêreldse gesegde "Leer hoe om skelm te wees en vergeet dit" was nie op my van toepassing nie. Hoewel ek in hierdie wêreld geleef het, het God my opgelei om 'n aparte lewe te lei.

"Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet."



**Mr. C. Selvam**

Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.

Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? Niemand ken die dinge van God nie, behalwe die Gees van God (1 Korintiërs 2:1).



Mr. Gilbert Roy

Laat ons dus nie in die gees van die wêreld wees nie, maar in die Gees wat van God is, sodat ons die dinge mag ken wat vrylik deur God aan ons geskenk is. (1 Korintiërs 2:9-12).

Onder hierdie omstandighede het wyle mnr. C.Selvam, stigter van “Commercial Institute, Neyyoor”, begryp dat God 'n spesifieke doel met my gehad het en dat Hy besig was om my te vorm om iets groots te doen. Hy was my vader se vriend. Hy het my ekonomiese agtergrond geken en my gehelp om Kantooradministrasie, Tikskrif en shorthand in sowel Engels as Tamil baas te raak. Hy het geen fooi van my ontvang nie. Hy het dikwels vir my gesê, “Jy sal eendag 'n kragtige dienaar van God word en 'n goeie administrateur!” Bowendien het hy aan sy assistent, mnr. Gilbert Roy, opdrag gegee om baie goed na my te kyk. Mnr. Gilbert Roy is nou President van Kanyakumari Christians Forum Tsjennai. Hy het my oorgedra aan die sorg van Emiyamma Sanyasini Ammal was 'n toegewyde bejaarde dame in diens van God was.

“Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?” (Romans 9:21). Volgens hierdie vers het God begin om my te vorm. ***

*verv. v. bls.7*

mense hulle huisse verlaat en ronddwaal en probeer onder berge en heuwels te skuil en sommige sal selfs vra dat dié berge op hulle moet val! In daardie dae sal die dood hulle vermy.

Soos gesê word in Openbaring 13:16-18, behoort elke mens in die wêreld, klein of groot 'n seël in sy regterhand of op sy voorkop te dra. Met hierdie doel is die agente van die Antichris wat nou lewe besig met die digitalisasie van die rekord van elke mens. Byna alle lande het alreeds 'n kaart as Aadhar uitgereik. Die selfoonnommer, bankrekeningnommer moet bestaan uit 16 syfers wat tot 18 geneem word deur die byvoeging van die rekenaarkode van twee. As die 18 syferkode bereken word sal dit die unieke getal gee van 666 wat behoort aan die dier. Al hierdie besonderhede word versamel in 'n bioskyfie en dit word gesê die skyfie is reg om ingeplant word op die regterhand of op die voorkop! Die agente van die Antichris wag vir 'n geleë tyd om die skyfie in te plant!

Nou is alles gereed vir die sewe jaar van Verdrukking. Die oopmaak van die sesde seël het ook plaasgevind en die effek daarvan is gevoel! Die groter reperkussies moet nog kom. Die verwoesting is vasgelê in 'n lied deur 'n dienaar van God wat soos volg lui:

1. Die leërmag van God in die hemel
   Verskyn in miljoene en miljoene
   Menigtes hardloop na grotte
   Sterre verander van plek en
   Val oral oop die aarde.
   Maar ek sluit aan by my geliefde
   Al dansend en singend.
   Halleluja! Halleluja!! (8 keer).
2. Al die streke in die vyf kontinente
   Sal tot 'n einde kom!
   Duisternis slaan toe! Donder bars los!
   Daar sal geween wees en die stort van trane!
   Maar die lied van getuienisse
   Sal gehoor word van die heiliges.
3. Die see dreun, grense word verbreek
   Skepe sink, groot verwoesting!
   Verkeer kom tot stilstand
   En die wêreld sal daar nie meer wees nie!
   Wat die onfeilbare Woord van God
   Vertel, sal vervul word.

- J. Emil Jeba Singh

## DIE DAG VAN DIE HERE!

Ons Here Jesus Christus het vir die eerste keer as Verlosser in hierdie wêreld gekom sowat 2000 jaar gelede. Hy was nederig en het op 'n donkie gery (Sagaria 9:9). Maar by sy tweede openlike koms sal Hy neerdaal op die Olyfberg met sy heiliges (Sagaria 14:4). Die dag sal 'n dag van toorn wees, 'n dag van moeilikheid en ontsteltenis.

Daardie dag is 'n dag van toorn,
'n dag van moeilikheid en nood,
'n dag van verwoesting en verlatenheid, 'n dag van donkerte en duisternis, 'n Dag van wolke en dikke duisternis. Nie hulle silwer of hulle goud Sal hulle kan red Op die dag van die Here se toorn nie. (Sefanja 1:15,18)

**”Dié dag is 'n dag van toorn, 'n dag van nood en benoudheid, 'n dag van storms en verwoesting, 'n dag van donkerte, van duisternis, 'n dag van wolke, van swaar onweer. Hy bring vernietiging en skrik oor al die inwoners van die land. Amen**

(Openbaring 1:7).

Ons Here Jesus Christus sal neerdaal op die Olyfberg onmiddellik na die sewe jare van wanbestuur van die Antichris. Met Jesus se eerste koms het Hy gekom as die Verlosser van die wêreld, nederig en onbelangrik, maar met sy tweede openlike verskyning sal Hy kom as die Koning van konings en die Regverdige Regter. Nou ry Hy op 'n wit perd saam met honderde duisende van heiliges elk op hulle wit perde (Openbaring 19:11-14).

**Want Hy kom, Hy kom om die wêreld te oordeel.**
**Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid,**
**oor die volke met billikheid** (Psalm 96:13).

Met die wegneem van die heiliges eindig die tydperk van genade en sal mense geoordeel word volgens hulle dade! Geen genade sal verder betoon word nie. As iemand gered wil word, kan dit nie gebeur nie, want die tyd van genade is verby. En as hy nog die koninkryk van God wil ingaan,

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

moet hy as 'n martelaar sterf gedurende die tyd van verdrukking.

Die wegraping van die Here kan enige oomblik van nou af plaasvind. Dus is dit nou die gunstige dag vir verlossing.

Verlossing is die grootste gawe van God (Romeine 6:23). En verlossing is persoonlik. Elke mens moet verlossing ontvang. Dit kom vandag vryelik na jou deur die bloed van die Lam. Die wêreld bied Lewe en Dood aan! Verwerp die Dood en omhels die Lewe. Hiervoor moet jy na Jesus kyk, berou hê en jou sonde bely. Die Here Jesus Christus is getrou om jou sondes af te was met sy vlekkelose bloed. Die Bybel sê, 'die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde' (1 Johannes1:7). As jy dit doen, kan jy die toorn van die Here op die Oordeelsdag ontvlug, aangesien al die goddelose, bose en opstandige mense voor Hom moet verskyn en verslag gee van al hulle dade. **Die tyd sal nie by jou verbygaan nie! Tree vandag op!**

Die wêreld is reg vir die verskyning van die Antichris. As sy sewe jaar van regering verby is, sal die Here Jesus Christus openlik kom as Koning en Regverdige Regter en teen die Antichris en sy mense veg. Satan sal die dryfkrag agter die Antichris wees. Die Here sal die Antichris en sy mense ontmoet by Armageddon saam met al sy heiliges. Die mense van Juda en Israel sal Jesus ondersteun (Sagaria 9:13). Dit mag dalk 'n eendagoorlog wees! Die Antichris en die valse profeet sal verslaan en gevang word in die oorlog en hulle sal in die helse vuur gewerp word. Satan sal ook gevang word en in Hades opgesluit word vir duisend jaar! (Openbaring 20:1,2).

Die koms van die Here God Jesus Christus is op hande! Kry jouself gereed om opgeneem te word! Mag God julle seën!

********

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JUNE 2022

If un-delivered please return to:

ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**